



Verwysing: 20210804-4816
Lêerno.: 13/7/1/2
Navrae: I Carstens

Kurrikulum VOO-minuut: 0007/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Onderwerp: Herroeping van bykomende lees- en beplanningstyd vir Inligtingstechnologie (IT) se Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamen

1. Die Departement van Basiese Onderwys het Omsendbrief S13 van 2021 met 23 Julie 2021 as datum uitgereik, waarin die bykomende lees- en beplanningstyd vir Vraestel 1 van Inligtingstechnologie (IT) se Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens herroep is.
2. Die verkorte weergawe van die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring* (KABV) vir graad 12, wat in Januarie 2021 in werking gestel is, het aangedui dat IT-leerders 30 minute lees- en beplanningstyd voor die aanvang van die praktiese eksamen sal ontvang.
3. Die bykomende 30 minute vir beplannings- en leestyd soos in Afdeling 4 van die KABV vir IT se Vraestel 1 bepaal, word ingetrek.
4. Voorsiening sal egter in die eksamen gemaak word vir leerders om te beplan en dit sal in die drie uur-eksamentyd ingereken word. Leerders sal ook twee skoon bladsye ontvang as deel van die eksamenvraestel om vir beplanningsdoeleindes gedurende die drie uur-eksamen te gebruik.
5. Dieselfde bepaling sal vir Rekenaartoepassingstechnologie se leerders gemaak word deur beplanningstyd in die drie uur-eksamentyd in te reken en twee skoon bladsye as deel van die eksamenvraestel vir beplanningsdoeleindes gedurende die drie uur-eksamen te verskaf.

6. Besonderhede oor die afneem van die praktiese eksamen sal aan die provinsiale onderwysdepartemente en kandidate verskaf word deur 'n omsendbrief wat binnekort vrygestel sal word.
7. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle graad 12 IT-onderwysers en -leerders te bring.

GETEKEN: H MAHOMED

WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2021-08-10